

8 Julie

Skrifgedeelte: Handeling 20:17-38

Fokusgedeelte: DL, 3/4:17

### Nie buite Woordverkondiging om nie!

Paulus en baie ander verkondigers van die Woord deur die eeue het baie hard gewerk. Paulus sê vir die ouderlinge van Efese (vers 20): “Julle weet dat ek niks teruggehou het wat vir julle voordelig kon wees nie toe ek by julle in die openbaar gepreek en julle in julle huise onderrig het.” Hy herinner hulle ook (vers 31): “Onthou dat ek elkeen van julle drie jaar lank onderrig het, aanhoudend, dag en nag, baiekeer met tranes.” Dit laat die vraag by ’n mens opkom of dit regtig nodig is om soveel moeite te doen? God het dan self die uitverkorenes uitverkies. Sal Hy hulle nie op ’n bonatuurlike manier tot geloof bring nie?

Ons belydenis sê “nee”. Hoewel die wedergeboorte iets bonatuurliks is wat God in ons werk sluit dit nie die gebruik van “gewone” dinge soos Woordverkondiging, die gebruik van die sakramente en die toepassing van kerklike tug uit nie: “... inteedeel, die alwyse God het dit tot ’n saad van die wedergeboorte en tot voedsel vir die siel bestem.” As dit nie so was nie het Jesus en Paulus en al die ander wat hard gewerk en gepreek het en die wat steeds preek dit onnodig gedoen!

Die wedergeboorte is dus iets wat God op ’n bonatuurlike manier in ons werk, maar tog gebruik Hy mense wat die evangelie verkondig in die proses. ’n Deur wat gesluit is kan op baie maniere oopgemaak word. Dit kan byvoorbeeld oopgeskop word, of die skarniere kan afgeskroef word, of dit kan met ’n sleutel oopgesluit word. So kan God sekerlik ook die mens op baie maniere weer gebore laat word, maar Hy verkies dat ons harte met die sleutel van evangelieverkondiging oopgesluit moet word. Al gebruik God ’n sleutel is dit nog steeds net Hy wat dit kan doen. Daarom moet ek elke dag ook bid vir die verkondiging van God se Woord en ’n medewerker van die verkondiging wees!

*Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)*

~~~~~